

GEMEENTE. SUPPLEMENT 13

[KERK HERSTELLENDEN BEDIENING] BOSE GEESTE EN DIE GEESTELIKE STRYD

Wat leer die Bybel oor bose (onrein) geeste en die geestelike stryd? Ons gaan leer oor die val van bose geeste, hulle doelstellings om te vernietig en hulle ontwapening deur Jesus Christus. Dan leer ons oor hoe Christene moet stry teen die bose geeste.

Die Bybel leer baie duidelik dat die satan al 'gebind' (aan bande gelê, ingeperk, begrens) is en dat sy demone (bose geeste) 'ontwapen' is tydens die eerste koms van die Here Jesus Christus na die aarde, 2000 jaar gelede! Die binding van die satan het 'n beperking op hom gelê en dit word in die Evangelies geleer: Matteus 12:28-30, Lukas 10:17-20 en Johannes 12:31-32 en in die Briewe: Kolossense 1:13, Kolossense 2:15, Hebreërs 2:14 en 1 Johannes 3:8. Die boek Openbaring beskryf die binding van die satan in apokaliptiese beelde in Openbaring 12:7-9 en Openbaring 20:1-3.

A. BOSE GEESTE EN HULLE VAL

Ontdek en bespreek. Wie is die bose geeste?

1. Die skepping van engele.

Lees Kolossense 1:16; Hebreërs 1:14. Toe God die heelal geskep het, het Hy ook verskillende soorte engele geskep, wat in die Bybel 'owerhede en magte' (Efesiërs 6:12) genoem word. Hulle is oorspronklik *deur* Christus en *vir* Christus geskep, d.w.s., om die heerlikheid van Christus te vergroot en sy doelstellings uit te voer. "Is hulle dan nie almal geeste in diens van God, wat Hy uitstuur om dié te dien wat die saligheid gaan beërf nie?" Daar is baie verslae oor hoe engele aan nie-Christene in hulle drome en visioene verskyn, sodat hierdie mense hulle tot Jesus Christus as hulle Verlosser en Here bekeer.

2. Die val van die bose engele.

Lees Openbaring 12:4,9. Toe die aartsengel, satan, geval het, het hy baie ander engele met hom saamgetrek in sy val (Openbaring 12:4). Van hulle val af word hierdie engele "die engele van satan" genoem (Openbaring 12:9), of demone, of bose (onrein) geeste (Matteus 12:22-28,43-45). Valse leraars en valse profete van ander godsdienste verwys na hierdie gevalle engele as 'gode' (1 Korintiërs 8:4-5) en aanbid hulle as hulle gode (1 Korintiërs 10:20). Die valse profeet Bileam raadpleeg hierdie 'gode' (Hebreeus: elohim) (Numeri 22:38) en beskou die godheid van Israel ook as 'n buitengewone kragtige godheid wat eers goedgunstig gestem moet word voordat 'n stroom van vervloekinge teen Israel uitgespreek kan word (Numeri 23:3-4).

3. Die goeie en die bose engele.

Lees 1 Timoteus 5:21; Efesiërs 1:21-22; 6:12; 1 Petrus 3:22. Die apostels Paulus en Petrus ontken nie die bestaan van goeie of uitverkore engele en hulle vermoë om goeie invloed uit te oefen nie. Hulle ontken ook nie die bestaan van slegte engele en hulle vermoë om kwaad te doen nie. Maar hulle benadruk dat geen engel buite Jesus Christus se toelating mag het. Al hierdie geestelike magte is volkome aan Jesus Christus onderworpe!

Lees Kolossense 2:9-10; Romeine 8:35-39. Die goeie engele voeg niks toe by wat Christene al in Jesus Christus hét nie en die bose engele kan geen enkele Christen skei van die liefde van God nie!

Lees Galasiërs 1:3-9. Sommige van hierdie gevalle engele verkondig "'n ander evangelie" (godsdienstige boodskap) wat nie van die God van die Bybel af kom nie. Die gevalle engele en hulle handlangers is in alle ewigheid verdoem.

Lees 1 Korintiërs 15:24-25; 2 Petrus 2:4; Judas 1:6. Die dag kom nader dat selfs die bose engele nie meer die vermoë sal hê om kwaad te doen in God se heelal of om Christene aan te val nie! Die gevalle engele of bose geeste kan nie gered word nie en sal op die laaste oordeelsdag finaal verdoem word.

B. DIE VERSKILLENDE DOELSTELLINGS VAN BOSE GEESTE

1. Die satan probeer om aanspraak te maak op die hele wêreld.

Ontdek en bespreek. Tot watter mate het die satan nog gesag en mag in die wêreld?

(1) Die satan is maar net die vors van die sondige wêreld.

Lees Lukas 4:5-6; Johannes 8:44; Johannes 12:31; 1 Johannes 5:19; Efesiërs 2:2.

Aantekeninge. Die satan maak die leuenagtige aanspraak: "Aan U (Jesus) sal ek (satan) al hierdie mag en majesteit gee, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil. Dit sal alles aan U behoort as U maar net voor my buig en my aanbid" (Lukas 4:5-6). Johannes waarsku dat "die hele sondige wêreld in die mag van die duiwel is" (d.w.s., onder die beheer en heerskappy van die satan is) (1 Johannes 5:19). Paulus sê dat die satan "die vors van die onsigbare magte" is, "die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is" (Efesiërs 2:2).

Leer hierdie drie Bybelgedeeltes dan dat die satan alle lande in die wêreld onder sy heerskappy het en dat alle mense onder sy mag en kontrole staan? Leer hulle dat die satan en sy bese geeste dan die meeste mag op die aarde het?

Nee! Die satan besit nie die wêreld nie en beheer ook nie die hele wêreld nie! As Johannes oor ‘die wêreld’ praat, dan gaan dit vir hom oor ‘die bese wêreld, die gemeenskap van bese mense en bese geeste, wat van die God van die Bybel vervreemd is en wat die God van die Bybel, Jesus Christus en Christene in die wêreld weerstaan’ (Johannes 15:18-25).

Die Christene in die wêreld behoort nie aan die satan nie en staan ook nie onder sy heerskappy of beheer nie (1 Johannes 5:18), maar behoort tot die Koninkryk van Christus en staan onder die beheer van die Koning van die konings (vergelyk Matteus 13:37-39; Johannes 18:36; 17:14-15; Kolossense 1:13).

As Paulus praat van satan as ‘die aanvoerder van die mag in die lug’, dan bedoel hy dat die satan net sy vernietigingswerk kan uitvoer in die samelewing van bese mense op die aarde en in die omliggende atmosfeer. Die satan is net die beperkte owerste van die (sondige) wêreld (Johannes 12:31). Die satan en sy bese geeste kan net optree binne die grense van God se soewereine mag en toelatelende wil.

Daarom, as die satan aanspraak maak daarop dat hy alle nasies en hulle koninkryke besit en beheer en die reg het om hulle te gee aan wie hy wil, dan is hy ‘n leuenaar (Johannes 8:44)!

(2) Jesus Christus is die Koning van die ganse heelal.

Lees Matteus 28:18; Johannes 13:3; Efesiërs 1:21-22; 1 Petrus 3:22; Openbaring 1:5; 17:14; 19:16.

Aantekeninge. In die teenwoordige tyd, maar ook in die toekomstige eeu “het God aan Jesus Christus alle mag in hemel en op aarde gegee” (Matteus 28:18). “God het alles in sy hande gegee” (Johannes 13:3). “God het Hom laat sit hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom” (Efesiërs 1:21-22). “Engele en magte en kragte is aan Hom onderwerp” (1 Petrus 3:22).

Jesus Christus het gesag en mag oor alles in die ganse heelal en oor almal op die aarde! Dit is nie Jesus Christus wat die onderspit delf in hierdie wêreld nie, maar die satan en sy bese geeste. Al wat hierdie Bybelgedeeltes wel sê is dat die satan en sy bese geeste ‘n slegte invloed uitoefen op die bese mense, op nie-Christene en ongelowiges wat die satan as hulle heer en meester erken!

2. Die bese geeste van die satan probeer om sekere gebiede op die aarde te beheer.

Inleiding. Die Bybel vertel hoe mense glo in sogenaamde ‘territoriale geeste’. Hulle glo dat die hele wêreld opgedeel is in verskillende gebiede en dat elke gebied beheer word deur bepaalde bese geeste en hulle demoniese vors. Ten einde hierdie demoniese vors met sy bese geeste in ‘n bepaalde gebied te bevredig (sus), glo nie-Christene dat hulle elke bese gees in sy bepaalde gebied moet aanbid.

(1) Moontlike gebiede waarin bese geeste aktief is.

Ontdek en bespreek. Wat blyk bepaalde gebiede te wees wat die bese geeste van die satan blykbaar wil beheer?

• Bese geeste in wêreldryke en lande.

Lees Daniël 10:11-14,20-21. Die Ou Testament vertel dat vóór die eerste koms van Jesus Christus, die aardse koninkryke of wêreldryke van Persië en Griekeland hulle geestelike verteenwoordigers onder die demoniese vorste gehad het. Hieruit blyk dit of demoniese vorste (bv. die vors van Persië) met hulle bese geeste ‘n groot belangstelling gehad het vir bepaalde lande van die wêreld (bv. Persië).

• Bese geeste in stede en dorpe.

Lees 2 Konings 17:29-31; Openbaring 2:13. Toe mense uit verskillende lande in Samaria gevestig is, het hulle hul ‘gode’ saamgevat en elke nasionale of kulturele groep het sy eie ‘god’ aanbid in die stad waar hulle hul gevestig het. Elke ‘god’ het sy eie heiligdom (tempel) en priesters gehad. Die Samaritane het blykbaar geglo dat bepaalde geeste (sowel gode wat hulle uit Assirië saamgevat het as lokale gode) spesifieke gebiede beheer het en dat hierdie geeste aanbid en gedien moes word binne hulle eie gebied d.m.v. hulle eie rituele en heiligdomme.

Die Nuwe Testament vertel dat die satan op ‘n bepaalde tydstryk sy troon in die stad Pergamum gehad het. Hierdie stad was ‘n keiserlike stad en die setel van die Romeinse Ryk in die provinsie van Asië (in moderne Turkye). In Pergamum was daar ‘n hele klomp gode. Ook die Romeinse keiser is daar aanbid. Dus het die satan mag gehad om ongehinderd en met venyn sy bese invloed uit te oefen in daardie stad. Tog het Jesus Christus die Christene wat in Pergamum gewoon het, verseker dat Hy Sêlf met die swaard uit sy mond stry teen hierdie afgodsdienaars! Die woorde uit die mond van Jesus Christus sou die valse profete oordeel (Openbaring 1:16; 2:12,16; 19:15). Hieruit blyk dit dat bese geeste ‘n groot belangstelling het vir bepaalde stede en dorpe.

• Bese geeste in menslike kulture.

Lees Openbaring 18:2; 19:20; 20:10. ‘Die stad Babilon’ is ‘n apokaliptiese beeld van ‘satan se antichristelike immorele mag’ wat in menslike kulture tot openbaring kom. Die stad word beskryf as ‘die groot hoer’ (Openbaring 17:1-5). Wanneer hierdie stad uiteindelik val, word dit beskryf as “ ‘n blyplek van die bese geeste, ‘n skuilplek van alle onrein geeste” (Openbaring 18:2). Hierdie Bybelgedeelte is ‘n aankondiging dat die toekomstige val van Babilon so seker is dat dit voorgestel word asof dit alreeds plaasgevind het! So vinnig en so seker sal haar val wees dat selfs die

bose geeste geen kans sal kry om te ontsnap nie! Die bose geeste sal as 't ware gevange sit in die bouvalle van Babilon! Die Bybel leer dat die bose geeste saam met hulle demoniese vorste en die satan geoordeel en gestraf sal word in die laaste oordeel! Uit hierdie Bybelgedeeltes blyk dat demoniese vorste en hul bose geeste 'n groot belangstelling het vir bepaalde menslike of volkskulture.

- Bose geeste as territoriale geeste.

Tot vandag toe glo baie stamme nog in hulle eie *territoriale geeste*. Nomade slaan nooit kamp op buite hulle eie gebied nie, tensy hulle eers toestemming gekry het van die territoriale geeste wat beskou word as die eienaars van daardie gebied. Die nomade het nie gedink dat hulle land of gebied hulle eiendom is nie, maar glo dat hulle hul land of gebied alleen mag gebruik met die toestemming van die territoriale geeste wat beskou word as die werklike eienaars van hulle land of gebied. Hulle glo ook dat hierdie territoriale geeste in 'n sekere opsig hulle adopteer solank hulle in daardie gebied vertoef! In Nuwe-Guinea word die territoriale geeste by die moerasse eers vereer voordat daar op krokodille in die moeras gejaag word.

Die Nuwe Testament stel nie hierdie bose geeste voor as territoriale geeste wat gesag en mag het in 'n bepaalde land of gebied nie. Dit beskryf hierdie bose geeste as aktief op baie plekke in die wêreld. Hulle hoofdoel is om te voorkom dat die evangelie en die boodskap van die God van die Bybel na alle plekke in die wêreld versprei. Maar hierdie territoriale of bose geeste kan nie voorkom dat Christene na elke plek in die wêreld gaan nie! Jesus Christus het die duiwel en sy bose geeste (demone) al by sy eerste koms gebind en pas hierdie werklikheid toe deur die gebed en sendingswerk van Christene. Waar ookal Christene bid en die evangelie verkondig, laat die bose geeste (demone) hulle houvas op mense en daardie gebied los en word die Koninkryk (koningskap) van Jesus Christus gevestig (Matteus 12:29)!

(2) Alle gebiede is onder die soewereine heerskappy van Jesus Christus.

Lees Jesaja 14:24,27; Daniël 10:11-14,20-21.

Ontdek en bespreek. Wie beheer die gebiede op die aarde en wat daar nou en in die toekoms in daardie gebiede gebeur?

- God beheer op soewereine wyse elke gebied op die aarde.

Hoewel dit lyk of die bose geeste met hulle demoniese vorste probeer om bepaalde gebiede op die aarde te beheer (vergelyk Jesaja 14:13-14), leer die Bybel duidelik dat hulle in werklikheid nie die gebiede beheer nie! Die bose geeste en hulle demoniese vorste beheer nie langer lande soos Irak (Babilon), Iran (Parsië) of Griekeland nie. Hulle het nooit alles wat daar in die lande gebeur, beheer nie! Byvoorbeeld, Daniël het in die wêreldryke van Babilon en Parsië geleef en gewerk, maar het nooit onder die beheer van 'n bose gees gestaan nie! Hoewel baie nie-Christene, maar ook sommige Christene leer dat bepaalde gebiede nie deur die God van die Bybel beheer word nie, maar deur hierdie bose geeste en hulle demoniese vorste beheer word, leer die Bybel duidelik dat God deur Jesus Christus die soewereine Koning is wat elke gebied op aarde en die ganse heelal beheer (Psalm 2:1-12; 24:1; 145:13; 146:10; Matteus 28:18)!

- God beheer op soewereine wyse die historiese gebeurtenisse op die aarde.

Nie-Christene glo in 'n hiërargie van demone wat die gebeurtenisse op die aarde beheer. Byvoorbeeld, in die Ou-Testamentiese periode het hulle geglo dat die wêreldryke soos Parsië en Griekeland demoniese vorste gehad het wat sterker was as die geestelike magte van swakker lande soos Israel. Maar die Bybel leer dat die hiërargie van demone in die lug nie 'n weergawe was van die hiërargie van konings op die aarde nie! Alhoewel Israel 'n klein onbeduidende landjie was in vergelyking met die wêreldryke van Parsië en Griekeland, was Migael, die vors van die engele van Israel, baie sterker as die demoniese vorste van Parsië en Griekeland! Dit was nie hierdie demoniese vorste van Parsië en Griekeland wat die historiese gebeure in Parsië, Griekeland en Israel beheer (bepaal) het nie, maar die God van die Bybel!

Die Bybel leer dat God op soewereine wyse hierdie bose geeste met hulle demoniese vorste bind en uit die weg ruim. Ons lees, byvoorbeeld, dat die Assiriese koning van die magtige wêreldryk van Assirië beweer het dat die gode van die nasies nie hulle volke uit sy magtige leër se houvas kon red nie. Maar toe koning Hiskia en die profeet Jesaja tot die God van die Bybel in gebed geroep het, het God *nét maar één engel* gestuur om die hele Assiriese leër (185 000 man) heeltmaal te vernietig (2 Kronieke 32:1-21; Jesaja 37:36; vergelyk Openbaring 12:7-9)!

- God openbaar op soewereine wyse die toekomstige historiese gebeurtenisse.

God het aan Daniël geopenbaar dat die geestelike stryd (oorlog) in die lug eers teen Parsië gerig word en daarna teen Griekeland, omdat hierdie wêreldryke vir 'n kort periode oor Israel geheers het. Israel is beskou as God se volk in ballingskap. Alhoewel God se volk weerloos gelyk het, het die volk van God al God se engele aan hulle kant gehad (vergelyk Matteus 26:52)! Alhoewel dit te betwyfel was of God se volk die konflik op die aarde sou oorleef, was die visioen van God aan Daniël bedoel om Daniël onwrikbaar te verseker dat al lyk die omstandighede op die aarde verskriklik sleg, tog bly die God van die Bybel altyd in beheer van die gebeurtenisse op die aarde! Die uitkoms van die geestelike stryd (oorlog) is al van te vore beslis!

3. Bose geeste probeer om mense te vernietig deur hulle te heg aan bepaalde dinge.

(1) Bese geeste probeer om die liggame van mense te vernietig.

Ontdek en bespreek. Hoe probeer bese geeste om die liggame van mense te vernietig?

Lees Matteus 4:23-24; 12:22; Lukas 11:14; 13:11,16. Soms veroorsaak bese geeste liggaamlike gebreke of belemmerings. Alhoewel nie alle siektes en fisiese gestremdhede deur bese geeste veroorsaak word nie (vergelyk

Johannes 9:1-3), het sommige bese geeste die mag om mense blind (Matteus 12:22), doofstom (Lukas 11:14) of kreupel (Lukas 13:11,16) te maak.

Lees Matteus 12:43-45; Lukas 8:2,30. Soms word 'n mens deur 'n bese gees in besit geneem of beleër. Bese geeste kan die liggaam van 'n nie-Christen ('n persoon wat nie die Heilige Gees het nie) betrek. So 'n mens word 'besete' genoem. Hoewel bese geeste Christene (wedergebore gelowiges) aanval (beleër)(Efesiërs 6:10,16), kan Christene nie deur demone in besit geneem word nie, omdat "Hy wat in julle is, groter is as die duiwel, wat in die wêreld is" (1 Johannes 4:4; vergelyk Matteus 12:43-45; vergelyk Johannes 10:28; 14:16-17).

(2) Bese geeste probeer om die gees (denke, siel) van mense te vernietig.

Ontdek en bespreek. Hoe probeer bese geeste om die gees (denke, siel) van mense te vernietig?

Lees Lukas 8:27-29,35; Markus 9:20-22. Soms veroorsaak bese geeste geestelike gebreke of belemmerings. Sommige bese geeste het die mag om bepaalde mense mal te maak (Lukas 8:27-29,35) of hulle tot selfmoord te dryf (Markus 9:20-22). Maar ons moet onthou dat nie alle siektes, pyne, fisiese ongeskikthede en geestesiektes deur bese geeste veroorsaak word nie, omdat die Bybel duidelik tussen hierdie dinge 'n onderskeid maak (Matteus 4:23-24)!

Lees Deuteronomium 32:16-17; Psalm 106:34-39; 1 Korintiërs 10:18-21. Bese geeste gebruik veral afgodery om die denke en gees van mense te vernietig! Bese geeste heg hulleself aan afgodsbeelde en aan die offerandes aan afgode. Daarom is afgodery eintlik 'n aanbidding van demone!

Lees 1 Timoteus 4:1-3; 1 Johannes 4:1-6; 2 Johannes 7-11. Bese geeste heg hulleself aan valse leraars en hulle valse leerstellings om die denke en gesonde leer (geloofsoortuigings) te vernietig! Die Bybel sê dat sommige (naam-Christene) "sal afvallig word van die (christelike) Geloof en missleidende geeste navolg en die leerstellings van bese geeste aanhang" (1 Timoteüs 4:1). Bese geeste is betrokke in alle valse onderrig van die godsdienste, filosofieë en ideologieë van die wêreld. Bese geeste is ook betrokke by die leuens en lasteringe wat deur die massamedia versprei word (Johannes 8:44). Bese geeste kan ook 'n aandeel hê in die valse aannames en afleidings wat die wetenskaplikes soms maak.

Lees Levitikus 19:26,31; 20:6,27; Deuteronomium 18:9-13. Bese geeste heg hulleself aan elke vorm van okkultisme om mense te vernietig! Bese geeste beheer okkultisme, soos byvoorbeeld die offer van mense in vuur, waarsêery, wiggelary, towery, beswerings, mediums en spiritiste, persone wat dooies raadpleeg en die ander gruwelike praktyke van die heidense volke wat nie die God van die Bybel ken nie. Satanisme is die aanbidding van die satan, gewoonlik deur allerlei walgelike praktyke, as okkultisme, seksuele immoraliteit en gewelddadige martelinge en moord.

(3) Bese geeste probeer om God se volk deur politieke vervolgings, godsdienstige perversiteit en morele verleidings te vernietig.

Ontdek en bespreek. Hoe probeer bese geeste om God se volk (Christene) te vernietig?

Lees Openbaring 16:13-14; 17:1-6. Johannes beskryf drie bese geeste (letterlik: drie onrein geeste) wat uit die bekke van die draak, die dier en die valse profeet kom. Hulle het wonders gedoen om die leiers van die nasies teen die God van die Bybel te draai. Hulle lyk soos paddas om hulle verfoeilike, walglike en weersinswekkende karakters aan te dui. Hulle verteenwoordig die sataniese en helse ideë, planne, projekte, metodes en ondernemings wat in die hel gebore is en deur die satan, die dier (die antichris) en die vals profeet in die denke van mense geprop word. Die derde handlangster van die satan is natuurlik die groot hoer, Babilon.

• 'Die dier uit die see' verteenwoordig satan se antichristelike maghebbers saam met hulle vervolgings. (Openbaring 13:1-10), veral deur middel van die groot wêreldryke (die volke as politieke eenhede)(Daniël 7:17) met hulle konings (as heersers)(Daniël 7:24) wat mekaar opvolg gedurende die hele periode tussen die eerste koms van Christus en sy wederkoms, gesimboliseer deur die getal '42 maande' (Openbaring 13:5-7). Hierdie 3½ jaar periode simboliseer 'n afgemete periode van tyd wat met die eerste koms van Christus begin het (Openbaring 12:5-6) en met die wederkoms van Christus plotseling en onverwags sal eindig (Openbaring 11:2-12). Die woorde 'uit die see kom' simboliseer dat hierdie dier uit die onstuimige see van heidense volke voortkom (Psalm 65:7; Jesaja 17:12; Openbaring 17:15). Die dier uit die see is satan se antichristelike politieke vervolger (wat onderdruk en vervolg) gedurende die hele Nuwe-Testamentiese periode vanaf die eerste koms van Christus tot sy wederkoms.

• 'Die dier uit die aarde' of 'die valse profeet' verteenwoordig satan se antichristelike lerare saam met hulle misleidings en hul volgelinge (Openbaring 13:11-18), veral in die godsdienste, ideologieë, filosofieë en wetenskappe van die wêreld met hulle voorstanders vanaf die eerste koms van Christus tot by sy wederkoms. Die woorde: 'wat uit die aarde kom' simboliseer dat hierdie dier 'die hemelse aard en betekenis mis' (net aan aardse dinge dink)(Filippense 3:19) en "aards, sinlik (psigies) en demonies" (Grieks: epigeios, psuchiké, daimoniódés) is (Jakobus 3:14-15).

Die dier uit die aarde verteenwoordig alle mense en instellings, wat antichristelike godsdienste, ideologieë, filosofieë en wetenskappe leer en die Christene vervolg gedurende die periode vanaf die eerste koms van Christus tot met sy wederkoms, gesimboliseer deur die getal '42 maande' waarin die dier uit die see heerskappy voer (Openbaring 13:5,12-13).

Hy het twee horings gehad. Die getal “2” is ’n simbool vir ‘getuig’, ‘propageer en bepleit’ (Deuteronomium 17:6; Matteus 18:16; Lukas 10:1). Die dier uit die aarde is satan se antichristelike godsdienstige vervalser (leuenaar, bedrieër)¹ gedurende die hele Nuwe-Testamentiese periode vanaf die eerste koms van Christus tot sy wederkoms.

• ‘Die groot hoer’ of ‘Babilon’ verteenwoordig satan se antichristelike verleiers saam met hulle invloed en volgelinge, veral in industrie en handel, besigheid en finansies, onderrig en regte, luukse lewe en plesier, kuns en sport, en beslis ook elke vorm van wêreldse godsdienste (vergelyk Openbaring 18:2-3,20,22). Dit kom daarop neer: dit is ’n teken van satan se antichristelike kultuur verbonde aan die wêreldryke vanaf die eerste koms van Christus tot met sy wederkoms. Deur middel van al hierdie verleidings, wil die satan en sy bese geeste mense versoek en verlei, dol verlief maak en verblind, ten einde mense van die God van die Bybel af weg te laat draai (vergelyk Openbaring 19:2). ‘Babilon’ verteenwoordig ‘die wêreld’ as die sentrum van luukshede, betowering en verdorwenheid, soos die beliggaming van “alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer en die gesteldheid op besit” (1 Johannes 2:16-17). Babilon, die Groot Hoer, is satan se antichristelike morele verleier (versoeker) gedurende die hele nuwetestamentiese periode vanaf die eerste koms van Christus tot sy wederkoms.

Gedurende die eerste eeu n.C. het die versoeking om in te val by die wêreldse dinge vanuit drie rigtings gekom:

- Uit die antichristelike politiek met vervolgings soos bv. met die swaard, wilde diere, kruisigings, die brandstapel en die aanhoudende aanklagte voor die Romeinse owerhede (Openbaring 2:9-10,13; 3:9).
- Uit die antichristelike godsdienste (leuenagtige godsdienste), soos bv. die keiseraanbidding, die Gnostisisme en die Misterie godsdienste (Openbaring 2:6,13-15).
- Uit die antichristelike kultuur (morele waardes), soos bv. die verleidings van seksuele immoraliteit. Mense is voortdurend uitgenooi om deel te neem aan die heidense feeste, om hulle sosiale posisie te vestig en die plesier van die wêreld te beleef.

In elke eeu, moet Christene nadink oor wat in hulle tyd en in hulle samelewing die antichristelike politiek, antichristelike godsdienste of antichristelike kultuur verteenwoordig!

In sy visioen het Johannes gesien dat hierdie bese geeste uitgaan na die volke in die wêreld (en dus ook vandag na jou volk toe) om hulle te verlei en teen die God van die Bybel en teen God se volk (die Christene) aan te hits! Hoe nader ons aan die eindtyd kom, hoe meer aktief (heftiger) sal satan se antichristelike politiek met sy vervolgings, satan se antichristelike godsdienste met hul leuens en satan se antichristelike kultuur met sy verleidings word! Hulle aktiwiteite sal kort voor die wederkoms van Christus op sy ergste wees!

Die bese geeste word dikwels ‘onrein’ genoem, omdat hulle in godsdienstige sowel as morele opsig mense verdorwe maak. Baie bese geeste het dus sterk invloed op die seksuele immoraliteit, soos bv. pornografie, egbreuk, prostitusie en ander soorte van seksuele immoraliteit. Die aktiwiteite van die derde antichristelike gees, Babilon wat die Groot Hoer (Openb 17:1- AOV) genoem word, wys in die rigting van die enorme morele perversiteit in die wêreld.

Ons moet dit weer duidelik sê dat nie alle kwaad hul oorsprong by die satan of sy demone het nie, omdat die Bybel duidelik sê dat die satan en ook die slegte/bese wêreld nie die grootste probleem is nie. Die Bybel sê dat die grootste probleem is die bese hart van die mens (Jeremia 17:9; Romeine 8:5-8)!

Gevolgtrekking. Bese geeste of demone heg hulleself aan bepaalde politieke leiers van die volke, aan afgodsdienaars en valse leraars (profete) van die wêreldgodsdienste en aan seksueel immorele mense.

C. DIE ONTWPENING VAN BOSE GEESTE

Ontdek en bespreek. Wat het Jesus Christus aan die bese geeste gedoen?

1. Jesus Christus het die bese geeste ontwapen.

Lees Kolossense 2:14-15. **Onderrig.** “Die skuldbewys met sy eise teen ons” is hier die Ou-Testamentiese seremoniële wet. Deur sy dood aan die kruis, het Jesus Christus nie net die wet vir eens en vir altyd *vervul nie* (Matteus 5:17) maar ook die wet (as God se eis vir regverdiging) *uitgewis en afgeskaf* (Kolossense 2:14; Efesiërs 2:15). Die wet het gefunksioneer as die onpersoonlike aanklaer teen mense, omdat alle mense die wet oortree het en die wet nie kon hou nie! Omdat Jesus Christus die vereiste vir geregtigheid in die wet vervul het, kon Hy ook hierdie wet buite werking stel. Christene is vrygemaak van die Ou-Testamentiese wet en elke ander wet waardeur mense dink dat hulle die geregtigheid (verlossing, vergewing) kan verwerf! Christene is nie langer meer verplig om die seremoniële wette of die burgerlike wette in die Bybel te onderhou nie!

‘Die mag en gesag’ verwys na die bese geeste in die lug en na die bese owerhede op die aarde. Deur sy dood aan die kruis het Jesus Christus nie net die satan gebind nie, maar ook alle bese geeste vir eens en vir altyd ‘ontwapen’. Hierdie bese geeste het voorheen gefunksioneer as die persoonlike aanklaers van mense (Openbaring 12:10), omdat Jesus Christus toe nog nie deur sy kruisiging versoening van sondes bewerk het nie (Romeinen 8:33). Deur die verlossingswerk wat deur Jesus Christus volbring is (sy dood, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging) (Kolossense 2:15; Openbaring 12:10; Efesiërs 1:20-23), het God hierdie bese geeste ontwapen en openlik tot skande gemaak deur

¹ Dink aan alle valse godsdienste en kulte

hulle as krygsgevangenes weg te voer. Hy het hulle as't ware vasgeketting aan sy strydwa in die triomftog (hemelvaart) gelei! Dit het eens en vir altyd by die eerste koms van Jesus Christus 2000 jaar gelede gebeur. Deur die triomf van Jesus Christus oor die sonde, die dood en die bose magte het Christene "meer as oorwinnaars" ook oor die satan en sy bose geeste geword (Romeine 8:37-39)!

Jesus Christus het die satan gebind (Matteus 12:29; Openbaring 20:3) en al sy bose geeste ontwapen (Kolossense 2:15). Dit beteken *nie* dat Jesus Christus hulle *in elke opsig* gebind en ontwapen het nie, omdat in ander Bybelgedeeltes aantoon dat die satan en sy bose geeste nog 'n aansienlike slegte invloed het op mense wat Jesus Christus nie as hulle Verlosser en Here erken nie. En alhoewel die satan gebind is en sy demone ontwapen is, moet Christene nog steeds die volle wapenrusting aantrek om die aanvalle van die satan en sy bose geeste te weerstaan (Efesiërs 6:10-18). Christene is instaat om die satan en sy bose geeste te weerstaan (Jakobus 4:7; 1 Petrus 5:8-9) nêr omdat die satan gebind is en sy demone ontwapen is! Ongehoorsame Christene wat nalaat om die volle wapenrusting aan te trek, ervaar nog steeds groot neerlae in hulle persoonlike christelike lewe en sal in die laaste oordeel aan Christus hieroor rekenskap moet gee (Openbaring 2:14-16).

2. Jesus Christus het Christene uit die domein van bose geeste verlos.

Lees Kolossense 1:13-14. **Onderrig.** "Die mag (Grieks: exousia) van die duisternis" verwys na die gebied waar die mag deur die satan en bose geeste uitgeoefen word. Kolossense 1:13 sê dat God die Christene uit hierdie magsgebied van die satan gered het en hulle vir eens en vir altyd oorgeplaas het in die Koninkryk (magsgebied) van Christus. Hy het dit gedoen deur die soendood en opstanding van Jesus Christus wat verlossing en vergewing gebring het vir elke mens wat in Jesus Christus glo.

Jesus Christus is "die Hoof van die Liggaam (die Gemeente)" (Kolossense 1:18). Hy is ook "die Hoof van elke (goeie en slegte) owerheid en mag" wat bestaan (Kolossenzen 2:10), maar nie in dieselfde sin as Hy die Hoof van die Gemeente is nie. Hy is hul Hoof in die sin van "die Hoogste en Almagtige Heerser" (Kolossense 1:16; Efesiërs 1:22) sodat sonder Hom geen goeie engel vir mense kan help nie en geen slegte gees vir mense kwaad kan aandoen nie (vergelyk Jeremia 10:5)! Christene "het hulle (onder andere die gees van die antichris) oorwin, want Hy wat in Christene is (die Heilige Gees) is groter as die duiwel, wat in die wêreld is" (1 Johannes 4:4).

3. Jesus Christus laat Christene loskom uit die strik van die satan (en sy bose geeste).

Lees 2 Timoteus 2:25-26. **Onderrig.** "Dit kan wees dat God hulle bekeer (Grieks: metanoia) en tot kennis van die waarheid bring. Dan sal hulle weer tot nugtere insig kom (Grieks: ananéfó) en vry raak uit die vangstrik (Grieks: pagidos) van die duiwel, waarmee hy hulle gevange gehou het (Grieks: zógréó) om sy wil te gehoorsaam." God red mense uit die mag van die satan en sy bose geeste deur aan hulle bekering (verandering van denke) te gee wat lei tot kennis van die waarheid (die Woord).

Elke Christen wat in Christus bly en op Hom **steun**, hoef nooit die satan of sy bose geeste te vrees nie! Die satan is gebind en sy bose geeste is ontwapen! Hulle kry geen houvas op die Christen nie (1 Johannes 5:18) en kan die Christen nie regtig kwaad aandoen nie, behalwe as die Christen ongehoorsaam is of toelaat dat 'n bose gees hom kwaad aandoen!

D. DIE GEESTELIKE STRYD TEEN SATAN EN SY BOSE GEESTE

1. Christene moet die bose gees weerstaan sodat hy van hulle wegvlug.

Ontdek en bespreek. Hoe moet Christene die satan en sy bose geeste weerstaan?

Christene moet die aanvalle van die bose geeste teenstaan. Hoewel die satan en sy bose geeste in beginsel oorwin is en hulle absolute mag oor mense ingeperk is, leer die Bybel dat Christene op hulle hoede moet wees en die geestelike stryd teen die bose geeste moet stry! Christene hoef nie hierdie bose geeste te vrees nie. Hulle is ontwapen. Maar die geestelike stryd duur voort tot by die wederkoms van Christus, omdat die bose geeste nog baie kwaad aanrig aan nie-Christene en ook Christene wat nie hulle wapenrusting aan het nie beskuldig.

(1) Christene moet hulle eers aan God onderwerp. Daarna moet hulle die duiwel teenstaan.

Lees Jakobus 4:7-8. Jakobus spoor Christene aan om eers hulle harte te suiwer en hulle aan God te onderwerp en eers daarna die duiwel teen te staan. God belowe dat die duiwel van hulle sal wegvlug!

(2) Christene moet eers nugter en waaksaam wees en vasstaan in die christelike geloof.
Daarna staan hulle die duiwel teen.

Lees 1 Petrus 5:8-9. Die apostel Petrus waarsku dat die satan soos 'n brullende leeu rondom Christene loop en soek na 'n swakplek in hulle verdediging waar hy hulle kan aanval. Christene moet eers 'n selfbeheersde (nugter) lewe lei, wakker wees vir die aanvalle van die duiwel en vas staan in hulle christelike geloof (deur 'n issipel van Jesus Christus te wees). Eers dán kan hulle die duiwel teenstaan. Christene moet weet dat ander Christene in die wêreld dieselfde stryd en lyding deurmaak.

(3) Christene moet eers alle bitterheid en boosheid uit hulle binneste verwyder.

Daarna moet hulle die duiwel nie weer 'n vatplek gee nie.

Lees Efesiërs 4:26-27,31. Die apostel Paulus spoor Christene aan om ontslae te raak van alle bitterheid (onwilligheid om te vergewe) en boosheid (boos bly oor die onreg wat teen jou gepleeg is), geskreue, laster (kwaadsprek oor bepaalde mense) en niks te doen wat sleg is nie. Alleen deur dit te doen voorkom Christene dat die duiwel 'n vatplek in hulle lewens kry ('n gat in hulle verdediging ontdek).

Ander verkeerde sake wat die duiwel 'n vatplek in die lewe kan gee is: 'n verbode verhouding aangaan, betrokke raak in 'n slegte aktiwiteit, of na 'n verdagte plek (bv. nagklub, casino) gaan.

(4) Christene moet eers seker wees dat die Heilige Gees in hulle woon.

Daarna die geeste op die proef stel of hulle uit God is.

Lees 1 Johannes 4:1-6; 2 Johannes 7-11. Die apostel Johannes spoor Christene aan om te glo dat die Heilige Gees wat in hulle woon, 'die Gees van die waarheid' is. Daarom moet Christene nie luister na geeste wat nie erken (glo) dat Jesus Christus God is wat die menslike natuur aangeneem het nie (Johannes 1:1,14) of wat nie in die leer van Christus bly nie (2 Johannes 9). Baie valse profete en leraars het al in die wêreld uitgegaan. Christene moet hulle op die proef stel en weier om hulle leuens te glo. Terwyl God aan sommige Christene die geestesgawe van die onderskeiding van geeste gegee het (1 Korintiërs 12:10), het Hy die Bybel aan elke Christen gegee om te lees en so die waarheid te kan onderskei (Johannes 17:17; 2 Timoteus 3:16-17)!

Christene moet valse leraars teenstaan, omdat hulle instrumente van valse geeste is. Hulle moenie na hulle of hul valse leerstellings luister nie. Hulle moet verseker nie hulle vals boeke en blaadjes aanvaar of lees nie! En hulle moet hulle ook nie in hulle huise innooi nie!

2. Christene moet die geestelike stryd teen die bese geeste voer.

Ontdek en bespreek. Hoe moet Christene die geestelike stryd teen die satan en sy bese geeste voer?

Christene moet die geestelike stryd teen die satan en sy bese geeste voer met geestelike wapens.

(1) Gebruik die geestelike wapenrusting om die vurige pyle en aanvalle af te keer.

Lees Efesiërs 6:16-18. Dit sê: "Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bese kan afweer.. ... En vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. Doen dit alles biddend en smek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges."

Christene moet veral glo, spesifieke Bybelverse en gebed gebruik in die geestelike stryd teen die duiwel en sy bese geeste. 'Die brandpyle van die bese' is aanvalle op die liggaam, denke en gees van die Christen, byvoorbeeld, sy leuens en valse beskuldigings. Maar Christus het aan Christene geloof in sy beloftes as "'n skild' gegee om die brandpyle van die bese te blus. Christene glo dat die woorde en beloftes van God waar is en Christene handel op grond van hierdie woorde en beloftes. Christene gebruik spesifieke woorde in die Bybel (d.i. passende Bybeltekste)(Grieks: réma)(bv. Matteus 4:4) om spesifieke aanvalle van die duiwel te oorwin. En Christene gebruik gebed om hulle afhanklikheid van Jesus Christus te wys. Daarom moet Christene ook nooit probeer om in eie krag of in eie wysheid sonder om te steun op God se Woord en God se nabyheid deur die Heilige Gees die aanvalle van die duiwel af te slaan nie.

Die eerste doel van die geestelike stryd is nie om te wen nie, maar om staande te bly (Efesiërs 6:13)!

(2) Gebruik geestelike wapens om bolwerke (valse redenasies en hoogmoedige aansprake) af te breek en so mense wat gevange gehou word, te bevry.

Lees 2 Korintiërs 10:3-5. Dit sê: "Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak." Christene moet die wysede, waarhede en argumente van die Bybel gebruik om die geestelike stryd teen die duiwel en sy bese geeste te voer.

Die tweede doel van die geestelike stryd is om die bolwerke van die teenstander af te breek. Hierdie 'bolwerke' is hulle valse redenasies, pretensies en gedagtes.

Die derde doel van die geestelike stryd is om mense in die wêreld te bevry wat lewend vasgevang is om die wil van die satan en sy bese geeste te doen (2 Timoteus 2:25-26).

3. Sommige Christene het gesag en mag om bese geeste uit te dryf.

(1) Verbreek die mag van bese geeste onder die leiding van die gemeente.

Hoewel Christene gesag en mag in gebed en in die verkondiging van God se Woord het, het Jesus Christus sy gesag en mag om bese geeste uit te dryf alleen aan bepaalde mense (veral sy apostels) gegee.

Lees Matteus 10:1,8 (die apostels); Markus 16:9-20 (die dissipels van Christus); Lukas 10:18-20 (die dissipels van Christus); Handeling 5:16 (die apostels); 8:7 (die evangelis Filippus); 13:6-12 (die apostel Paulus); 16:18 (die apostel Paulus); 26:17-18 (die apostel Paulus); 2 Korintiërs 12:12 (die apostels); Hebreërs 2:3-4 (die dissipels van Christus).

In die Evangelies het Christus hierdie gesag aan sy twaalf dissipels (later: apostels) gegee en aan 'n breër groep van sy dissipels (die 72). In het boek Handelingen het Christus hierdie gesag alleen aan sy apostels gegee, die apostel Paulus en die evangelis Filippus. Netsoos in die Evangelies het hulle die bese geeste in die Naam van Jesus Christus berisp en die bese geeste het die mense verlaat. In die Nuwe-Testamentiese briewe word geleer dat Jesus Christus hierdie gesag en mag gegee het aan sy apostels as “die dinge wat 'n apostel van Jesus Christus kenmerk” (2 Korintiërs 12:12; Hebreërs 2:3-4).

Markus 16:9-20 is nie 'n oorspronklike deel van die Markus Evangelie nie. Die oudste en mees betroubare manuskripte in die Grieks, Latyn en Siries toon aan dat die Evangelie van Markus eindig met Markus 16:8. Ons weet nie of Markus ooit sy Evangelie klaar geskrywe het nie en ook nie waarom nie. En as hy dit wel klaar geskrywe het, weet ons nie wat met laaste deel geword het nie of hoeveel verse daar was nie.

'n Later skrywer het Markus 16:9-20 as 'n interessante samevatting van die ander Evangelies en Handeling aan die einde van die Evangelie van Markus toegevoeg. Markus 16:8-20 is 'n samevatting van 'n paar verskynings van Jesus Christus na sy opstanding, sy hemelvaart en die voortsetting van sy werk deur sy apostels.

- Markus 16:9-11 is 'n samevatting van Johannes 20:11-18, die verskyning van Jesus Christus aan Maria Magdalena.
- Markus 16:12-13 is 'n samevatting van Lukas 24:13-35, die verskyning van Jesus Christus aan die twee Emmausgangers.
- Markus 16:14-18 is 'n samevatting van Matteus 28:16-20, die verskyning van Jesus Christus aan die elf dissipels op 'n berg in Galilea.
- En Markus 16:19-20 is 'n samevatting van Handeling 1:9-11, die hemelvaart van Jesus Christus en die voortsetting van sy werk deur sy dissipels.

In die lig van die Bybel verwys Markus 16:17-20 na die twaalf dissipels van Jesus Christus. Dit was hulle wat eers nie geglo het nie (Markus 16:11,14). Maar toe hulle geglo het, het die Here die woorde wat hulle verkondig het, bevestig deur die wondertekens wat hulle verkondiging vergesel het (Markus 16:17,20; Matteus 10:1,8; Lukas 10:18-20; 2 Korintiërs 12:12, en vergelyk Handelingen 19:13-16).

Markus 16:9-20 is bindend vir die christelike geloof en praktyk alleen in die mate wat dit met die res van die Bybel ooreenstem. Omdat die optel van slange en die drink van iets dodeliks (Markus 16:18) nêrens elders in die Bybel ondersteun word nie, moet ons hierdie dinge nie as God se normatiewe Woord beskou nie, maar eerder as apokriewe materiaal waarvan die geloofwaardigheid twyfelagtig is en later deur 'n onbekende persoon toegevoeg is om soos God se Woord te lyk.

Dus, ten einde te voorkom dat die bediening van die verbreking van die mag van bese geeste deur hulle uit te dryf, misbruik word, moet hierdie bediening liefsvol uitgevoer word onder die leiding en toesig van die raad van oudstes in 'n gemeente.

4. Alle Christene het gesag en mag in die geestelike stryd.

(1) Gesag en mag in die verkondiging van die Woord van God.

Christus gebruik nog steeds Christene om mense wat gevang is in die mag van die bese te bevry.

Lees Matteus 12:29-30; Lukas 10:18-20; Kolossense 1:13-14; 2 Timoteüs 2:25-26.

Christene moet die duiwel nie alleen *teenstaan* nie, maar moet *ook die gebiede waar hy bolwerke gebou het, aanval*. Christene is deur hul gebede en verkondiging van die evangelie die instrumente waardeur Christus mense uit die duistere gebiede van satan se mag bevry en oorbryng na die koninkryk (koningskap) van Christus (Kolossense 1:13-14). Christus “het *vir eens en altyd* (aoristus) die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel (die lug) sien val (Grieks: *piptó, pesonta*) (Lukas 10:18-20) en “hy lê nou neergesmyt (voltooid teenwoordige tyd) (Grieks: *piptó, peptókota*) op die aarde” (Openbaring 9:1)! Daarom kan Christene ook die geestelike stryd teen hom stry en oorwin!

Die belangrikste doel van bese geeste in die wêreld, ongeag of hulle 'n bepaalde “gebied” of “bolwerk” verdedig, is om te voorkom dat die evangelie van Jesus Christus en die heerlike werklikheid van die God van die Bybel versprei word (Lukas 8:12)! Maar wanneer Jesus Christus die binding van bese geeste toepas deur die gebede en Woord verkondiging van Christene (Matteus 12:29-30), dan laat hierdie bese geeste hul houvas op mense los en kry die Koninkryk (koningskap) van Christus houvas op hulle!

(2) Gesag en mag in gebed.

- Nie die gebed van Daniël nie, maar die soewereine handeling van God het opgetree teen die bese geeste.

Lees Daniël 9:1-3; 10:1,12-14. Uit die boek van Jeremia het Daniël verstaan dat Israël 70 jaar in ballingskap sou ly. Daniël het hom voor God verneder en het vir die netelige situasie van Israel tot God gebid. Hy het die sonde van Israel bely en erken dat God se straf oor Israel regverdig ewas. Hy het met God gepleit om barmhartigheid te bewys aan Israel en Jerusalem. God het hom op soewereine wyse geantwoord en aan hom geopenbaar wat in die nabye toekoms sou gebeur.

In Daniël 9 en 10 het Daniël geprobeer om die toestand van Israel te verstaan en nie om demoon vorste te bind nie. Die engel het aan Daniël uitgelê wat in die nabye toekoms sou gebeur, oor die geestelike stryd in die lug en die uitkoms

daarvan. Dit was nie wat Daniël of die gelowige Jode gedoen het wat die bese geeste en hul demoon vorste in hul gebed gebind of oorwin het nie. Dit was die soewereine God wat sy engel Migaël gestuur het om die demoon vorste te bind of te oorwin en so op soewereine wyse sy plan met sy volk te vervul!

Hoewel die konflik op die aarde sou woed en daar twyfel bestaan het of God se volk wel sou oorleef, was God se visioen aan Daniël bedoel om hom te bemoedig. God het aan Daniël die onwrikbare sekerheid gegee dat hoe desperaat die situasie op die aarde ook al mag wees, God altyd die gebeurtenisse op die aarde onder sy beheer het en dat die uitslag van hierdie geestelike stryd in die lug al bepaal was! Die doel van Daniël hoofdstuk 9 en 10 is nie om aan Christene te leer wat hulle in die geestelike stryd moet doen nie, maar om Christene te bemoedigen wat God al gedoen het! Natuurlik mag Christene Daniël se goeie voorbeeld volg toe hy hom verneder het, gebed het en die sonde van sy volk bely het, maar hierdie Bybelgedeelte leer nie die sogenaamde metode van strategiese gebed teen sogenaamde territoriale (bese) geeste nie!

- Nie die strategiese gebed van Christene, maar die soewereine handeling van God "bind" bese magte.

Lees Openbaring 3:7-9; Jesaja 14:24,27; Matteus 28:18. Hy wat geslote deure in gebiede (terreine) oopmaak, is Jesus Christus en nie die Christene deur hul gebede nie! Die volgende gedagtes is nie Bybels nie:

- Sommige mense glo dat omdat niemand aan hierdie bese geeste weerstand bied nie, hierdie territoriale geeste vry is om te doen wat hulle wil. Die Bybel gee geen grond vir hierdie gedagte nie.
- Sommige mense glo dat Christene niks geesteliks soos evangelisasie of sendingwerk in daardie gebied kan doen nie, voordat hulle hierdie territoriale geeste deur hul gebede gebind het nie. Die Bybel gee geen grond vir hierdie gedagte nie.
- Sommige mense glo dat 'n bepaalde land (gebied) vervloek is vanweë hul sonde en diens aan geeste (gode) en dat die land eers bevry moet word voordat die evangelie daar aanvaar sal word. Die Bybel gee geen grond vir hierdie gedagte nie.
- Sommige mense glo dat Christene eers hierdie demoniese geeste moet identifiseer (hul name, bedoelings en bolwerk moet weet (diagnoseer) voordat hulle kan bid. Dan moet hulle die bese geeste by voorkeur binne die territoriale gebied van die bese geeste by hul naam in die Naam van Christus bind en uitdryf. Die Bybel gee geen grond vir hierdie gedagte nie.

Die bogenoemde beskouings m.b.t. 'die bind' van bese geeste en hul demoon vorste oorskat die mag van bese geeste en onderskat die triomf van Jesus Christus en sy almag! Dit oorskat ook die verantwoordelikheid en gebede van Christene en *onderskat* die volbragte verlossingswerk van Christus en sy voortgesette werk op grond daarvan! Die Bybel leer nie hierdie metode van "strategies bid" nie. Dit is nie die strategiese gebede van Christene nie, maar die soewereine handeling van God wat die bese magte "bind".

Die Bybel leer dat, nie die bese geeste en hul demoon vorste nie, maar die soewereine God deur Jesus Christus alle gebiede op die aarde onder sy beheer het, netsoos Hy alle gebeurtenisse in die geskiedenis en alle mense (ook die nie-Christene) op die aarde onder sy beheer het (Psalm 24:1,10; Jesaja 14:24,27; Matteus 28:18; Handeling 17:26-27; Efesiërs 1:21-22; Kolossense 2:10)².

Die Bybel leer dat dit nie die Christene is wat deur hul gebede die gebiede vir die verkondiging van die evangelie oopmaak nie, maar dat Jesus Christus die sleutel het en dat Hy op volkome soewereine wyse alle geslote deure na gebiede in die wêreld oopmaak en geleentheid skep om die evangelie te verkondig. "Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie!" (Handeling 14:27; 1 Korintiërs 16:9; Kolossense 4:2-4; Openbaring 3:7-8)!

- Nie die gebede van Christene nie, maar God se antwoorde op die gebede van Christene breek die mag van die bese geeste en maak geslote deure oop.

Lees Matteus 12:29; 2 Korintiërs 10:3-5; Efesiërs 6:10-11; Kolossense 4:2-4. Welke plek het die gebed dan in die geestelike stryd? Die Bybel leer dat Christene hul moet toelê op gebed, sodat die soewereine God op sy tyd en wyse geslote deure oopmaak en geleentheid skep om die evangelie te verkondig! Gebed is nie die middel om geslote deure oop te maak nie, maar die middel om God te vra om geslote deure oop te maak as dit sy soewereine wil is (Lukas 22:42)! Gebed is nie 'n menslik gesag of krag wat outomaties die hand van die soewereine (almagtige) God beweeg om byvoorbeeld 'n bese gees te bind, 'n bese gees uit te dryf of om 'n geslote deur oop te maak nie! Dit is 'n arrogante gedachte en sou die mens magtiger dan God maak! Die Bybel gee geen grond vir hierdie gedagte nie. Gebed is veel eerder die oop en leë hand van die mens wat uit God se hand ontvang wat Hy op soewereine wyse bepaal het en wat Hom behaag om te gee!

Die Bybel leer Christene om die hele wapenrusting van God aan te doen sodat hulle (die Christene) stand kan hou teen die listige komplotte van die duiwel as hulle bid en as hulle die boodskap van die Bybel verkondig en op elke gebied op die aarde uitleef! En die Bybel leer dat op grond van die volbragte verlossingswerk van Christus aan die kruis, Jesus Christus aan sou hou om die binding van bese geeste en hul demoon vorste toe te pas, geslote deure in alle gebiede oop

² Die volheid wat Christene in Christus besit is nie die bevoegdheid om demone uit te dryf nie, maar is Jesus Christus Self en Sy volbragte verlossingswerk as die Bron van alles wat Christene nodig het (Matteüs 6:33; Johannes 15:5; Efesiërs 1:3). Hierdie volheid vind hulle nie in menslike filosofie (wetenskap), menslike tradisies of godsdienstige wette (die seremoniële wette as die besnydenis) nie (Kolossense 2:6-15).

te maak en mense uit alle gebiede (gesinne, godsdienste, dorpe, lande) op die aarde op soeweyne wyse tot Homself te trek (Johannes 12:31-32). Hy doen dit seker ook in antwoord op gebede en die sendingswerk van Christene!

Die God van die Bybel is by magte om oneindig meer te doen as wat Christene dink of bid deur sy krag wat in hulle werk (d.w.s. die Heilige Gees) (Efesiërs 3:20)!

(3) Gesag en mag in geloof.

Lees Matteus 6:9-10; 18:19; Lukas 22:42; Johannes 14:13; Jakobus 4:15. Wat is die plek van geloof in verhouding tot gebed?

Geloof in God se beloftes maak dat Christene met oortuiging bid en met vertrouwe wag op God se antwoorde.

In Matteus 18:19 belooft Jesus Christus, “As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daarvoor bid (Grieks: aiteó: vra, verlang te vra), sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry.” En in Johannes 14:13 belooft Hy. “Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen.” Soortgelyke beloftes help Christene om met oortuiging en vertrouwe te bid. Christene het moed en bemoediging nodig als hulle bid vir oop deure met geleenthede om God se Woord te verkondig en teen bose geeste te stry. Hierdie beloftes belooft dat God wat by magte is om alles te doen en niks wat goed vir ons is te weerhou nie, al ons gebede hoor en verhoor!

Maar die enige waartoe hierdie beloftes nie aanspoor of toelaat nie, is dat ons met koppige en opdringerige aandrag bid vir wat ons dink wat goed vir ons is en dat ons wil moet geskied! God se beloftes is nie bedoel om menslike arrogansie te bevorder nie!

Die essensie van geloof in gebed is om met oortuiging te bid, dan met vertrouwe te wag op God se soewereine wil en te aanvaar dat God iets anders kan besluit. Jakobus 4:15 leer dat die essensie van die lewe en van gebed is: “Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied” (Lukas 22:42)! Jesus leer dat hierdie houding essensieel in alle gebede is! Hy leer, “So moet julle bid: ‘Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk (koningskap) kom; laat ook u wil op die aarde geskied, net soos in die hemel!’” (Matteüs 6:9-10)! Daarom is in “die gelowige gebed” geloof nie dat Hy outomaties sal doen wat ons gevra het of wat Hy belooft het nie, maar dat ons vertrouwe het in ’n soewereine, getroue en liefdevolle God. Daarom moet alle Christene aan die einde van hul gebede ook bid, “Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!”

Elke keer as ons bid, “Laat u (volmaakte) wil geskied!”, verwyder ons alle moontlike menslike beperkinge (onvolmaakthede) van ons gebede! Ons kennis oor die werklike toedrag van sake in ’n bepaalde gebied (land, stad, groep mense of ’n bepaalde individu) is altyd beperk! Ons voorgestelde oplossings en ons verstaan van God se soewereine wil is ook altyd beperk! Soms lê ons ’n beperking op ons gebede deur ons kennis oor wat gedoen moet word. Soms lê ons ’n beperking op ons gebede deur ons voorgestelde oplossings oor wat ons behoeftes sou bevredig. En soms lê ons ’n beperking op ons gebede deur te dink dat ons weet wat die beste vir ons is in ’n bepaalde situasie. As jy bid, “Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!”, dan is dit nie ’n teken van swakheid of twyfel nie, maar juis ’n teken van krag en geloof! Dan lê jy geen enkel beperking op jou gebed nie, maar tel jou gebed uit bo alle menslike beperkings en aardse begrensings! Jou gebed, “Laat nogtans u wil geskied!” plaas die gebied, die situasie, die groep mense of die individu sonder voorbehoud in die hande van God en sy oneindige wysheid, liefde en krag. Daar is geen veiliger plek om ’n gebied, ’n situasie, ’n groep mense of ’n individu te plaas dan in die hande van God nie! “Vader, in u hande gee Ek my gees oor” (Lukas 23:46). En daar is geen antwoord of oplossing vir ’n probleem wat beter en meer passend is, meer heilsaam en nuttig is, of meer heerlik is dan die antwoord of oplossing, ens. wat God in gedagte het nie! “En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus” (Filippense 4:6-7).

Openbaring 8:3-5 leer dat ons onvolmaakte gebede op die aarde gemeng word met die wierook van die *volmaakte gebede* van Christus in die hemel vir ons (Romeine 8:34; Hebreërs 7:25). Daarom bereik al ons beperkte gebede altyd die troon van God in ’n volmaakte vorm! “Sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word (Hebreërs 4:16). God beantwoord (verhoor) altyd al ons gebede, maar nie deur te doen wat ons onvolmaakte gebede suggereer nie, maar deur te doen wat sy volmaakte wil vir ons bepaal het!

5. Alle Christene het uiteindelik die volledige oorwinning oor die Satan en sy bose geeste.

Lees Openbaring 16:13-16 en 20:7-10. **Onderrig.** Kort voor die wederkoms van Christus, gedurende die Groot Verdrukking, sal die satan en sy demone die magtige dryfveer teen God wees. Maar, by die wederkoms sal Jesus Christus hulle in die hel gooi, waaruit hulle nie kan ontsnap nie en waar hulle dag en nag gepynig sal word tot in alle ewigheid (Openbaring 20:10)!